# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***3/18***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Internet:** http://www.voc-kaap.org **E-pos/*E-mail*:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/*Contact***: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /*Finance:*** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

---

*Welaen Vrunden!*

**Nuwe lede**
Ons verwelkom graag as nuwe lid Dr Daan Ribbens, 'n wetsgeleerde van Nuweland. Ek onthou hoe hy een Saterdagoggend drie jaar gelede, toe ons aangewese spreker laat was, 'n impromptu toespraak by Huis der Nederlanden gelewer het wat die gehoor besonder stimulerend en interessant gevind het.

**Kay de Villiers**

Die skielike sterwe van prof. Kay de Villiers was 'n verlies vir almal wat die voorreg gehad het om sy vriendskap te geniet. Hy en sy oorlede vrou Jeanne was jare lank getroue en entoesiastiese lede van ons Stigting en het op al ons toere saam gegaan en bygedra tot die intellektuele en sosiale plesier van ons uitstappies. Sy belangstellings en belesenheid was enorm, hy kon met gesag oor 'n verskeidenheid van onderwerpe praat, en wat ek persoonlik geniet het, Kaapse streekgeskiedenis. Ons sal hom om vele redes onthou en om vele redes mis. Lees die koerantartikel wat op 17 Junie 2018 in *Rapport* verskyn het, aan die einde van hierdie Nuusbrief aangeheg.

## Kasteel de Goede Hoop

Na klagtes uit verskeie oorde oor die onnetheid van die Kasteel se terrein en die veranderings wat aan die Kasteel se beeld en voorkoms gemaak is - na ons mening in stryd met die bepalings van die Nasionale Erfeniswet - en op advies van die Stigting Simon van der Stel en die restourasie-argitek Gawie Fagan, het ons in Junie vanjaar aan die Hoof Uitvoerende Beampte mnr C. Gilfellan, geskryf en om samesprekings gevra. Die vergadering met mnr Gilfellan en vyf van sy raadslede en amptenare het op 24 Julie plaasgevind. Die algemene onnetheid kan hopelik van Oktober af reggestel word wanneer meer werkers aangestel word. Ander sake, soos onder andere die oprig van moderne standbeelde van sogenaamde '*warrior kings*' (inboorlinghoofde wat 'n skakel met die sou Kasteel gehad het) vlak voor die beroemde pui, wat laasgenoemde erg ontsier en die publiek se genot en waardering van die rare agtiende eeuse barok kunswerk aantas, sowel as die verspreiding van vals inligting en plastiek-kennisgewings direk teen die historiese mure geplak, sal verdere aandag kry.

In verband met die sogenaamde '*warrior kings,*' verwys die voorsitter van die Kasteel se Beheerraad in sy jaarverslag na 'n '*Assembly of statues of the warrior kings associated with the Castle (Langalibalele, Cetshwayo, Nommoä / Doman, Sekhukune) in front of De Kat balcony, visually defying the most conspicuous symbol of colonialism,*'[Castle Control Board

Annual Report, 2016/ 2017, p.3.] en ook deur die Hoof Uitvoerende Beampte: '*The permanent statues of the warrior kings Langalibalele, Cetshwayo, Nommoä / Doman, Sekhukune. These will take a prominent spot within this colonial edifice to conspicuously challenge the orthodox colonial narrative usually prevailing in buildings like these.'*[*Ibid*., p.5.]

Hierdie planne met die Kasteel, vermoed ek, is in stryd met die Erfeniswet (Wet 25 van 1999.) Die Kasteel se bestuur gebruik deesdae die frase '*Freedom from oppression,*' as 'n soort leuse en die onderdrukking van kunswerke kom dadelik ter sprake. Dit is ook opmerklik hoeveel kere die subjektiewe abstraksie '*symbol*' in bogenoemde tekste gebruik word. Volgens watter agenda of tot watter doel moet die pui tot 'simbool' verklaar word?








Foto's: R. Rode

Ons het die HUB en sy kollegas nogmaals daarop gewys dat Kasteel de Goede Hoop geen '*Kat balcony*' het nie, dat ten minste een van hulle '*warrior kings*' geen hoofman was nie en reeds dood is voor daar aan die bou van die Kasteel gedink is, en ons het ook nogmaals aangebied om hulle met navorsing te help.



Pui in kulturele gebruik. Foto: J. Sleigh



Pui as slaaf van beleid. Foto: R. Rode

**VOC-kanon op Paarlrots**
’n Sesponder voorlaaier wat omtrent die jaar 1700 in Fingspan, Swede vir die VOC gegiet is, lê al amper driehonderd jaar lank op Paarlberg as ’n oorblyfsel van die VOC se seinstelsel, wat in 1734 ingestel is. Sulke kanonne is op verskeie hoogtes of koppe so ver weg as Piekenierskloof en die Buffelsjagtsrivier geplaas. Die kanonniers was die plaaseienaars of hul knegte. Kanonskote het beteken dat die Kaap in gevaar staan om aangeval te word. Wanneer burgers die kanon hoor moes hulle gewapen en te perd na die Kasteel haas en onder hul vaandels monster. Dié kanon was oorspronklik aan die westekant van Paarlberg. [S.A. Muller: Die Seinstelsel aan die Kaap. Ongepubliseerde MA-tesis. Universiteit Stellenbosch, 1992; G. de Vries and J. Hall: *The muzzle loading cannon of South Africa*. Table View, 2001.]



Foto: Louis Louw

Ons Stigting VOC is saam met die Paarlberg Natuurreservaat se Adviesraad besig om die kanon na ’n meer toeriste-vriendelike plek te verskuif, te restoureer, daarna tot provinsiale gedenkwaardigheid te verklaar en van ’n inligtingsbord te voorsien.

**Toer na die Heerenlogement**
Op die spoor van die Kompanjie se veeruilers wat in die vroeë 1700’s verskeie togte na die Namakwa-inboorlinge gemaak het om trekosse te ruil vir die VOC se vervoerdiens, gaan ons op 14 en 15 Augustus 2018 na die afgeleë Heerenlogement en Berghfontein in die suide van Namakwaland reis. Ons bus was weer dadelik volbespreek. Hou dop vir verslag en foto’s.

**Stigting VOC se silwer medalje**
Die uitvoerende komitee het besluit om ons Stigting se silwer medalje aan die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek in Roelandstraat, Kaapstad toe te ken, vir daardie instansie se bewaring van die groot en baie belangrike versameling VOC-dokumente wat daar gehuisves word. Dit is die Wes-Kaapprovinsie se koloniale- en pioniergeskiedenis en ’n UNESCO-wêrelderfenisskat. Tweedens help die Argief die publiek om uit die dokumente navorsing te doen; vele Geskiedenis-studente het met groot waardering die Argiefpersoneel voor in hul tesisse en proefskrifte vir hulp bedank. Die medalje sal deur Minister A. Marais, die Provinsiale Minister van Kultuursake onthul word. Berig en foto’s volgende keer.

**Die VOC se ‘*Grote Zeemagazijn*’**
Die toeloop van nuwe intrekkers uit Vlaandere en die groei van die handel en nywerheid ná 1585 het veroorsaak dat stad Amsterdam uitgebrei moes word. Ten bate van die skeepsbou is die nuwe eilande Rapenburg en Uilenburg eerste drooggelê. In 1613 is begin met ’n

sirkelvormige uitleg óm die oudste deel van die stad, wat die '*grachtengordel*' tot gevolg gehad het. Omtrent die jaar 1640 word begin met die eilande Kattenburg, Wittenburg en Oostenburg aan die oostekant van die Ij. Op Kattenburg bou die Admiraliteit hul magasyn en skeepswerf; vandag is dit die Amsterdamse Maritieme Museum.

Die VOC vestig hom in 1661 op Oostenburg en lê daar sleephellings aan, rig werkswinkels op en bou die Grote Zeemagazijn, na die ontwerp van Daniel Stalpaert. Die magasyn was 177 m lank, 20 m diep en 22 m hoog. Die koepel met 'n koper seilskip as weerhaan, het tot 33 m hoog gestyg. Daar was 'n grondvloer en vier verdiepings, met 'n solder. Reënwater op die dak is in groot tenks opgevang en met pype na die verskillende vloere gelei.



In die pakhuis is hout, tou, yster en seildoek vir die skeepsbou geberg en ook die handelsware uit Asië en Oos-Indië soos diverse tekstiele, naeltjies, peper, kaneel, neutmuskaat, foelie, saltpeter en porselein - veertig miljoen stuks van laasgenoemde.

Voor die magayn was verskeie geboue nodig vir die skeepsbou, soos 'n lynbaan van 500 meter waar kabels van verskillende diktes en lengtes gedraai is, 'n seilwewery, houtsaery en 'n smidswinkel waar onder andere ankers en brons spykers gemaak is. Van 1661 af tot 1795 is 509 skepe vir Kamer Amsterdam op dié sleephelling gebou.

Nadat die Kompanjie in 1799 opgehef is, het die stad die seemagasyn as 'n graanstoor gebruik. Op 22 April 1822, toe die gebou al 160 jaar oud was, het dit as gevolg van oorlaaïng van die ou vloere ineen gestort. [L. Wagenaar: *In het kielzog van de VOC*. ANWB, 1996. (pp. 35-36.)]



**Piet Hein en die silwervloot**

In Argentinië (Latyn: *argent* – silwer), Peru en Colombië in Suid-Amerika het die Spaanse Ryk silwer en goud met die arbeid van inboorlingslawe gedelf, en dit twee keer per jaar met ’n groot konvooi skepe Spanje toe verskeep. In September 1628 was die admiraal Don Juan de Benavides met sy deel van die silwervloot van Veracruz in Mexico onderweg na Havana, waar die groter en sterker vloot uit Cartagena (Colombië) by hom sou aansluit.

Die skietstilstand (‘*Twaalfjarige bestand*’) tussen die rebelerende Nederlanders en hul Spaanse oorheersers was verby en die Tagtigjrige Oorlog is in 1621 hervat. Die Wes-Indiese Kompanjie het Piet Hein se ekspedisie beplan en betaal; met ’n vloot van 31 skepe (3800 man en 689 kanonne) was hy in 1628 in die Karibiese see op soek na die Spaanse silwervloot. Hy ontdek De Benavides met sy nege skepe in Matanzasbaai op die suidkus van Kuba. Sy oorwinning was totaal: ‘*Klommen niet de jongens als katten in ’t want, en vochten ze niet als leeuwen?*’ Dit neem die Nederlandse matrose agt dae lank om al die buit na die WIC-skepe oor te laai. Daar was 177 000 pond silwer en 66 pond goud, eenduisend pêrels en ook groot hoeveelhede indigo en cochiniel. Die waarde is in 1629 geskat op twaalfmiljoen gulden, vandag ongeveer 250 miljoen Euro werd. Nadat die bemanning hul buitgeld ontvang het, was daar 10 % vir die WIC, 35% vir die aandeelhouers en die res aan die State-generaal om die stryd teen Spanje voort te sit.

Die Nederlandse volk het hoop en moed uit die gebeurtenis geskep. Jan Pieter Heye skryf in 1844 die loflied ‘*De Zilver Vloot*,’ wat Piet Hein as nasionale held vereer; die bekende melodie is van J. Viotta. In Delfshaven (sy tuisdorp) by Rotterdam staan ’n standbeeld van Piet Hein en van 1998 af ook een op die kaai in Matanzasbaai - dit is goed vir die internasionale toerisme. In ’n uitstalling ‘*Voorste seerowers van die Karibiese see*’ in die seerowermuseum in die ou Spaanse fort El Morro (‘die skiereiland’) by Havana is Piet Hein eerste in die ry, gevolg deur Edward Teach (*Blackbeard*), Stede Bonnet, Bartholomew Roberts (*Black Bart*) en verskeie ander. [H. den Heyer: *De geschiedenis van de WIC*. Walburg Pers, 2002.]

**Pinang**

Na aanleiding van ons beriggie in *Generale Missive 2/18* oor die kou van *pinang* in Oos-indië en my vermoede dat dit die oorsprong was van die Kaaps-‘Maleier’ woord ‘poenankies’, stuur dr Han Mets - ’n gebore Oos-Indiër- hierdie illustrasies van die areka-palm wat die neut verskaf en die peper-rankplante en hul blare waarin die neut toegedraai word. Die pruim of kougoed word in Indonesië ook *sirih* genoem.









Foto’s: Dr J Mets

**’n Woord van warme waardering**

Ek het nie die voorreg gehad om die heer Sus Mees te ken nie, maar plaas die volgende *obiit* uit VOC Kamer Antwerpen se nuusbrief, geskryf deur redakteur Paul Koop, as voorbeeld van die groot waardering wat verenigings soos hulle en ons Stigting VOC heg aan die entoesiastiese samewerking, ondersteuning en praktiese bydraes van ons lede en die gevoel van swaar verlies wanneer lede soos hy, George Hofmeyr, Marie-Lou Roux, Hans Fransen en Kay de Villiers ons verlaat. Sulkes is die brein, bloed en spiere van ons vereniging. Lees, met meegevoel:

**‘Sus Mees:** Op Maandag 14 mei 2018 verliet Sus Mees de wereld om opnieuw samen met zijn lieve Mia te zijn.



Een jaar geleden kwam hij voor de laatste maal naar onze bestuursvergadering. Hij was erg breekbaar, hij zag niet meer zo goed, maar zijn geest was alert en hij vertelde nog volop over Platevoet of Plancius uit Dranouter en Gommarus uit Brugge, die het strenge Calvinisme naar Holland brachten. En over de moeder van Constantijn Huygens, de Antwerpse Suzanna Hoefnagel, waarvan het portret in het Frans Halsmuseum hangt.

Hij gaf ideeën, vroeg naar de nieuwe leden. Trots volgde hij de vergadering alsof hij dadelijk aan de slag ging en een artikel zou schrijven. Ter gelegenheid van het oprichten van het Journael, schreef ik in juni 2013, een ten geleide ter ere van Sus. Hij was de inspirator en geestelijke vader van het tijdschrift. Ik voeg het hierbij in lichte aangepaste vorm.

‘*Toen we startten met de eerste besprekingen en plannen voor het Journael, het was aarzelend en afwachtend, dachten we onmiddellijk aan Sus Mees. Immers was het Sus die regelmatig het idee opperde om de kennis die in de vereniging aanwezig was te verspreiden met een blad, een soort nieuwsbrief of een tijdschrift.*

*Sus is voor de VOC Kamer Antwerpen een wandelend boek. Wanneer hij een lezing geeft wordt de zaal muisstil en geniet van de vele anekdoten die hij uit zijn mouw schudt. Komt er een Amsterdammer te voorschijn, dan moet het al heel sterk zijn dat hij geen voorouders heeft in Antwerpen of Gent.*

*Onvergetelijk was ons bezoek aan het Rijksmuseum. Het was nog voor de verbouwing, dus is het al lang geleden. Een kunsthistorica, zoals Amsterdam er velen heeft, blond en hoge benen, was onze gids. Toen de zaal werd bezocht waar de portretten hingen van de Heren Zeventien, was er ook een schilderij van een neef van Pieter Vandenbroucke. (ter herinnering: deze Vandenbroucke was opperkoopman van de VOC, geschilderd door Frans Hals. Een kopij versiert onze lidkaarten.) Dit heeft de jonge dame geweten want ze was nog maar net begonnen met haar uitleg of Sus, alsof er een mitraillette afging, wees er haar op dat ook deze neef van Brabant afkomstig was. Zoals trouwens alle andere heren Zeventien ...*

*Ik heb zelden iemand zo de kluts zien verliezen als deze dame. Hoogstwaarschijnlijk heeft zij direct na de rondleiding een nieuwe studierichting gekozen.*

*Wat ook niet genoeg geweten is: de rijke bibliotheek door Sus ingericht. Hij verzamelde de boeken, catalogeerde ze, maakte de lijsten. Een reusachtig werk. Alleen een man met grote liefde voor de Vlaamse 17de en 18de eeuw is tot zo iets in staat. Daarom is het voor mij een eer om Sus in te leiden als redacteur van het Journael. Ik wacht vol ongeduld op zijn bijdragen en zal ze gretig lezen, en zeker zo belangrijk, ze bewaren als een waardevolle aanvulling van mijn bibliotheek.*'

Het was ontroerend om bij hem op bezoek te komen. Alles in zijn appartement herinnerde aan Mia. Hij sprak met haar, legde zijn hand op haar portret en zei me dat hij verlangde bij haar te zijn.

Wij nemen afscheid van een edel mens, van een groot historicus en van een lid, onvervangbaar voor onze VOC.

Waarde Sus, goede vriend, doe onze groeten aan je Mia.

*Paul Koop*

**Oproep: Vernuwe asseblief die bestuur!**

Dit is hoogs nodig dat ons Stigting se bestuurskomitee vernuwe en verjong word sodat ons Stigting nie oor 'n jaar of twee tot niet gaan nie, maar vir nog lank die belangrike en al meer nodige take kan uitvoer van Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme ten opsigte van VOC-sake en die pionierstyd van dié land se koloniale geskiedenis. Geen ander organisasie verrig dié funksie nie, en regeringsinstansies is of onbeholpe of stel geen belang nie. Wat word benodig? Ondernemingsgees, Entoesiasme, Toewyding.

*Behouwde vaert / Selamat jalan*

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
12 Augustus 2018.
AANHEGSEL Koerantberig